Koop u Matiekleurbaadjie vir kontant!
Die egte en oorspronklike kleure
100% Wol —
Kontantprys £9.10.0
Mengsel —
Kontantprys £8.19.6
GEBRS. DE WET
Offisiële Matie Kleurverskaffers.
BUS 21, STELLENBOSCH
Foon 19—22

SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
Aan die H.P.K. as nuusblad geregistreer. (UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)
Vol. XIII, No. 4 VRYDAG, 8 MEI 1959 Prys 3d.

'N EGTE WINSKOPIE
Lang Kakiebroeke,
Ideaal vir Klasdrag
Prys slegs 29/6
Groottes: 3½ tot 4½
3 tot 6
GEBRS. DE WET
Posbus 21 Bel 19, 20, 21, 22
STELLENBOSCH

# S.R.-VERKIESING WOENSDAG

## INTERESSANTSTE IN BAIE JARE

**OP Woensdag, 13 Mei vind die buitengewone S.R.-verkiesing plaas wat veroorsaak is deur die bedanking van die hele Studenteraad. Agt-en-twintig kandidate het aanvanklik nominasie aanvaar maar sedertdien het twee hulle nominasies teruggetrek. Vyftien ou S.R.-lede het hulself weer verkiesbaar gestel. Die enigste ou kandidaat wat nie weer staan nie is mnr. George Christie.**

'n Geskiedenis van twee weke en van monstervergadering na monstervergadering het die bedanking van die S.R. voorafgegaan.

Op Donderdag, 9 April het die Studenteraad die volgende mosies bespreek:—

**Mosie 2:**

„Dat hierdie Raad (i) Hom opnuut neerlê by die grondslag, doel en beleid van die A.S.B. en die kompromie tussen die afvaardiging en die Kongres bekragtig wat daarop neerkom dat Stellenbosch in die A.S.B. bly soos hy tans is en dat die A.S.B. bly voortbestaan in sy huidige vorm, maar dat Stellenbosch van die A.S.B. opdrag kry om voort te gaan met die reëling in verband met die stigting van die federasie, waarop Stellenbosch aandring.

(ii) Die AD-HOC Komitee van Inter-Universitêre sake opdrag gee om voort te gaan met die reëlings i.v.m. die stigting van die federasie.

(iii) By vernuwing sy steun gee aan die wetsontwerp op aparte Universiteite en in die sterkste taal sy misnoeë uitspreek teen die verraderlike wyse waarop Nusas tans die wêreldmening opgesweep het teen die beleid van afsonderlike Universitêre geriewe vir die verskillende etniese groeperings in Suid-Afrika.

(iv) Sy dank betuig teenoor die Universiteite van Rhodes en Natal vir die welwillende houding wat hulle geopenbaar het deur die A.S.B.-Kongres by te woon.

(v) Dit nogeens onomwonde aan die Studentegemeenskap van Suid-Afrika stel dat ons bereid is om met diegene saam te werk wat met ons wil saamwerk, terwille van ons land Suid-Afrika.

(vi) 'n Monstervergadering byeengeroep word waarop:—

(a) Die Inter-Universitêre beleid van die Raad aan die Studente-Unie voorgelê word vir bekragtiging en

(b) Die misnoeë van die Raad in Nusas formeel voor die Studente-Unie gelê sal word en

(c) die Studente-Unie as Unie gevra word om die Raad se standpunt oor afsonderlike Universitêre geriewe te bekragtig."

Op Maandagaand, 13 April is die volgende mosies deur die S.R., op 'n buitengewone Monstervergadering aan die Studente-Unie vir goedkeuring voorgelê: Dat die Monstervergadering

(a) Die Inter-Universitêre beleid van die Studenteraad bekragtig.

(b) Die misnoeë van die S.R. in N.U.S.A.S. se optrede i.v.m. die afsonderlike Universiteite wetgewing onderskryf.

(c) Die Studenteraad se standpunt i.s. afsonderlike Universitêre geriewe onderskryf.

Nadat die eerste mosie ter tafel gelê is, is daar uit die vergadering navraag gedoen na die gedrag van 'n lid van die Stellenbosse afvaardiging na die A.S.B.-kongres, maar die voorsitter van die vergadering, mnr. R. de la Bat, het die vraag buite orde gereël. Die betrokke lid het telkens daarop aangedring om 'n verklaring te doen, maar hy is keer op keer buite orde gereël.

Nadat die derde mosie ter tafel gelê is, het dit geblyk dat die S.R. nie eenstemmig was oor die saak nie, maar dat twee lede buite stemming gebly het, en twee lede daarteen gestem het. Die mosie is toe met 73 teenstemme goedgekeur op die Monstervergadering.

'n Spesiale Monstervergadering is toe deur lede van die Studente-unie aangevra waarop die volgende mosies ter tafel gelê sou word:—

(1) „Dat die Vergadering 'n lid van die S.R. vra om te bedank weens sy uiters swak, oproerige wangedrag op die jongste Monstervergadering.

(2) Dat (a) Aangesien die S.R.-lede mnre. C. Theron, B. v. d. Merwe, J. Cilliers en S. du Toit hulle nie ten gunste van aparte Universiteite uitgespreek het nie, eis die Studente-unie 'n verklaring vir hul optrede.

(b) Indien die Studente-unie enige van bovermelde verklarings nie kan aanvaar nie die Studente-unie genoemde S.R.-lede wie se verklarings nie aanvaar is nie vra om onmiddellik te bedank as lede van die Studenteraad."

Die Monstervergadering sou op Vrydag, 17 Mei gehou word. Intussen het mnr. George Christie as lid van die S.R. bedank.

Op 'n S.R.-vergadering gehou op Donderdagaand, 16 April, is 'n mosie ingedien:

„Dat die Raad die hele voorval waarin die twee lede van die Raad betrokke was ten sterkste afkeur en sy spyt daaroor uitspreek. Dat die Raad egter aanvaar dat reeds genoegsaam teen die betrokke persone opgetree is dat dit wel blyk dat versagtende omstandighede vir hulle optrede bestaan het. Dat die Raad in die lig hiervan van die saak afstap en die Sekretaris opdrag gee om die Oud-Matieband Pretoria in die voege te antwoord." Die mosie word met 12 stemme aanvaar, 3 buite stemming. Die betrokke persone het dit as 'n mosie van wantroue vertolk en bedank.

Sake het nou vinnig na 'n klimaks begin ontwikkel. Op die middag van 17 April het mej. Benade, mnre. Gideon Boshoff en Inus Daneel van die S.R. bedank.

Op die monstervergadering van daardie aand is die mosie wat voor die vergadering gelê is teruggetrek omdat die betrokke lede se persoonlike eer in die saak ingesleep is en omdat sekere koshuise die saak as teen die koshuis gemik, beskou het. Die terugtrekking is deur die vergadering goedgekeur.

Die voorsitter van die S.R. het op dieselfde vergadering verklaar dat syns insiens die gevoel op daardie stadium ten gunste was van 'n algemene verkiesing. In alle geval het die S.R. op daardie stadium nie meer 'n kworum gehad nie en kon hy nie meer fungeer nie.

Die volgende S.R. lid wat bedank het was mnr. Johan Cilliers omdat hy gereken het dat, hy dan 'n beter geleentheid sou kry om sy standpunt te stel.

'n Derde monstervergadering is toe deur lede van die Studente-unie aangevra waarop die volgende mosie ter tafel gelê sou word.

(1) Dat hierdie monstervergadering 'n algemene verkiesing eis i.p.v. 'n tussenverkiesing.

Die S.R. het die vergadering in die tradisieryke saal van die Recreation bioskoop gereël. Dit is die saal waarin, in die goeie ou dae, menige stormagtige monstervergadering gehou is en waar legendariese persoonlikhede soos Koos Meyer beroemde toesprake gehou het. Met die verlof van die vergadering het die voorsteller die mosie gewysig na: Dat mnre. S. du Toit, C. Theron en B. v. d. Merwe versoek word om te bedank as lede van die S.R. Die volgende amendament is voorgestel: Dat die hele S.R. bedank om sodoende 'n algemene verkiesing te bewerkstellig. Al die oorblywende lede van die S.R. het bedank nadat die voorsitter mnr. Roelofse bedank het.

Op die vergadering is 'n groot aantal kandidate genomineer, maar op die ou end het slegs agt-en-twintig kandidate nominasie aanvaar. Op 'n later stadium het nog twee kandidate t.w. mnre. L. van L. Coetzee en W. P. Esterhuise hul nominasie teruggetrek sodat daar op die oomblik ses-en-twintig kandidate vir die verkiesing is.

Alles dui daarop dat hierdie een van die interessantste verkiesings gaan wees wat nog op Stellenbosch gehou is en baie druk stemming word verwag. Eerstejaars is nie voor Juniemaand stemgeregtig nie. Dit beteken dat hierdie verkiesing 'n suiwer senior aangeleentheid gaan wees.

## AKADEMIEFONDS-INSAMELING NOU IN VOLLE SWANG

**NADAT daar aan die einde van verlede kwartaal die belangrike saak van die Akademiefonds insameling onder die aandag van die studente gebring is, het die Stellenbosse Akademiefondskomitee nou oorgegaan tot aktiewe insameling vir die fonds. 'n Ope brief aan studente onderteken deur Prof. Weiss en mnr. Beyers Roelofse is nou aan alle koshuise oorhandig vir verspreiding onder die studente. Insameling sal deur die verskillende huiskomitees self onderneem word.**

Stellenbosch se aandeel in die pro-rata fonds is £350, deel van die bedrag van £2,000 wat deur die Suid-Afrikaanse Universiteite aan die Akademie beloof is. Hierdeur sal ook die studente hulle deel bydra tot die £60,000 kapitaalfonds van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die hoogtepunt van die feesvierings van die Akademie vind op Stellenbosch plaas, en daarom kan die studente te meer trots wees om hulle deel by te dra, want dit sal nog 'n hoogtepunt wees in die geskiedenis van die Studente-unie.

**Die Stellenbosse Akademiefondskomitee is oortuig dat hierdie saak die volle ondersteuning sal geniet van elke Matie, en spreek die hoop uit dat elke Matie sy deel sal bydra. Wanneer die kollektelyste u bereik weet ons dat u u deel van 2/6 sal bydra.**

In die saak is veral nodig die volle ondersteuning van alle P.S.O. studente, die wyke is groot en met u volle ondersteuning sal u dit vir u wyksverteenwoordigers 'n baie makliker taak maak.

### FEESALBUM

Die Stellenbosch Akademiefondskomitee deel verder mee dat hulle ook die **Feesalbum** van die Akademie te koop aanbied. Slegs 'n beperkte aantal van die albums is beskikbaar, en hulle sal nooit weer herdruk word nie, sodat hulle binne afsienbare tyd Africana waarde sal hê. Die prys van hierdie albums is klein in verhouding met die inhoud daarvan. Behalwe boodskappe van die Goewerneur-Generaal en wyle Dr. D. F. Malan (moontlik die laaste wat Dr. Malan onderteken het), is daar ook boodskappe van die Eerste Minister, die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, en vier Wes-Europese Akademies. 'n Tweede deel van die Feesalbum bevat feesartikels deur leiersfigure, en 'n derde deel bevat die geskiedkundige oorsig van die geskiedenis van die Akademie. In die geheel word dit ryklik voorsien van foto's, bykans eenhonderd in getal, sommige waarvan seldsaam en waardevol is. Die werk is op goeie kunspapier afgedruk in grootformaat met bykans 200 bladsye.

In 'n volgende Matie sal daar 'n bestelvorm afgedruk word van waar u dit kan bestel.

Kom Maties laat ons in hierdie saak ook ons volle gewig in werp en elkeen sy of haar deel bydra.

## LET WEL

**STEMTYD**

**WOENSDAG**

**8 VM. — 230 NM.**

### VERKLARING

**Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad op 29 April 1959, is die volgende besluite eenparig aanvaar:—**

**„Dat as gevolg van die besondere omstandighede waaronder die eerskomende verkiesing sal plaasvind, die volgende maatreëls getref word: (1) Dat die Redakteur van die „Matie" opdrag gegee word dat alle berigte en artikels in die verkiesingsuitgawe van die „Matie" onpartydig en objektief moet wees. (2) Dat die finale proef van die verkiesingsuitgawe van die „Matie" aan die Uitvoerende Komitee voorgelê moet word vir goedkeuring voor die ter perse gaan daarvan."**

**Toe mnr. Slabber, Redakteur van die Matie, van hierdie besluit in kennis gestel is, het hy verklaar dat hy nie bereid is om die verkiesingsuitgawe van die „Matie" te behartig onder daardie voorwaardes nie. Om die rede het die Uitvoerende Komitee eenparig besluit om die taak aan 'n AD. HOC.-Redaksie op te dra. Menere R. Robinson, S. Burger, P. Kapp en A. du Toit is in dieselfde volgorde aangewys as Redakteur. Die eerste twee persone was weg met vakansie en moes die derde persoon, mnr. Kapp genader word om die pos te vul. Alle voorsorgmaatreëls, soos getref deur die Uitvoerende Komitee, is ook van toepassing op die „Matie" wat mnr. Kapp en sy Redaksie behartig.**

**Beyers Roelofse.**

# Kandidate en Hulle Beleidsverklarings

## ANTOINETTE BENADE

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** M.Sc.
**Ondervinding in studentesake:**
1956: Huiskomiteelid Huis ten Bosch; C.S.V. Kringleidster. 1956: Huiskomiteelid Huis ten Bosch; C.S.V. Kringleidster. 1958: Primaria Huis ten Bosch; Voorsitster van Sentrale Koshuiskomitee vir Senior Dameskoshuise; Sekretaresse van Koshuis Re-uniekomitee. 1959: Huiskomiteelid Huis ten Bosch; Bestuur van die Wetenskaplike Vereniging; Lid van die Studenteraad.
**Sport:** Tennis en swem.
**Algemene beleid:**
Vir elke volksgroep van enige belang, wat homself wil handhaaf, is dit nodig dat hy 'n eie Universiteit of Universiteite sal hê — so ook die Afrikaner.

As verteenwoordigers van 'n Afrikaanse Universiteit ag ek dit die plig van die Studenteraad om altyd die gevoel van sy studente duidelik te vertolk, en veral ook nou, nl. dat hierdie Universiteit ten gunste is van die beleid van aparte universiteitsopleiding vir blank en nie-blank.

Ek ag dit moontlik — sonder om dit wat eie aan ons is en waarop ons trots is, prys te gee — om saam te werk met ander Universiteite.

## JANNIE BOSCH

**Jaar op Stellenbosch:** Sesde.
**Kursus:** B.Sc., B.Ing.
**Ondervinding in studentesake:**
1956: C.S.V. Kringleier; 1957: Tesourier van Dagbreek Huiskomitee; Joolkomitee. 1958: Tesourier Dagbreek Huiskomitee; Joolkomitee; Vise-Voorsitter Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente. 1959: Onder-Primarius Dagbreek; Vise-Voorsitter Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente; Bestuurslid op die Raad van die Suid-Afrikaanse Federasie van Ingenieurstudente.
**Sport:** Tennis.
**Algemene beleid:**
Ek beskou dit as die plig van 'n Studenteraad om altyd die karakter van sy Universiteit te bewaar; daarom ondersteun ek die beleid van aparte Universiteite heelhartig.

Verder sal ek in alle sake rakende hierdie studente-unie oordeel en besluit op Christelike-Nasionale beginsels as grondslag.

## GIDEON BOSHOFF

**Jaar op Stellenbosch:** Vierde.
**Kursus:** Kweekskool; Spesiale student.
**Ondervinding in Studentesake:**
1956: C.S.V. Kringleier. 1957: C.S.V. Wyksverteenwoordiger; Primarius Hofmeyerhuis; Admissiebondbestuur; Depôt Konvenor by Joolbladverkope. 1958: Primarius Hofmeyerhuis; Onder-Primarius van P.S.O.; Voorsitter Admissiebond. 1959: Primarius P.S.O.; Primarius Hofmeyerhuis; Vise-Voorsitter van Joolkomitee; Konvenor van Joolblad verspreiding; Afgevaardigde na die A.S.B.-Kongres, Pretoria; Lid van die Studenteraad.
**Algemeen:** Voor inskrywing aan Universiteit 7 jaar Boekhou en Sekretariëlewerk gedoen.
**Sport:** Voetbal.
**Algemene beleid:**
1. Staan vir die beginsels van Christelike-Nasionalisme.
2. Staan vir die behoud van en uitbouing van die Afrikanervolk.
3. Sal soos in die verlede my steeds beywer vir samewerking tussen anderstaliges, andersdenkendes en rassegroepe mits samewerking nie verwar word met die prysgee van alle tradisies en beginsels nie.
4. Steun die besluit t.o.v. die A.S.B.-hervorming nl. (i) Die A.S.B. te omkamp tot 'n suiwer kulturele organisasie (ii) Die stigting van 'n Federasie van Studenterade ten einde inter-universitere - verteenwoordiging moontlik te maak.
5. Ondersteun die regering se beleid t.o.v. Aparte Universiteite.
6. Algemene diens aan die Studente-Unie.
7. Ek sal my beywer vir die handhawing en behoud van die besondere karakter van hierdie universiteit wat op vaste beginsels gebaseer is.

## JOHANN CILLIERS

**Jaar op Stellenbosch:** Derde.
**Kursus:** B.A.
**Ondervinding:**
1950-1953: In diens van Kaapstadse Hooggeregshof en studeer regte aan die Universiteit van Kaapstad. 1953-1957: In diens van Nasionale Pers Bpk. en Nasionale Tydskrifte Bpk.
**Algemene ondervinding 1951-1957:**
1. Speler en regisseur K.A.T., Klein Teater; F.A.T.T.S.A.; Scopus Club; Arts Theatre.
2. Hoofbestuurslid K.A.T.
3. Tree op as radioakteur vir ses jaar.
4. Dien op die Kaapstadse Afrikaanse Skakelkomitee.
5. Lid van die Van Riebeeckfeeskomitee 1952.
6. Lid Verwelkomingskomitee van die Nederlandse Immigrantekomitee.
7. Speel voetbal vir Tuine Rugbyklub.

**Ondervinding in Studentesake:**
1958: Lid van die Joolkomitee; Lid van die Intervarsitykomitee; Redaksielid van „Prisma"; Redaksielid „Die Pieke." 1959: Lid van die Studenteraad; Reklamebestuurder van die U.S. Joolkomitee; Lid van die Subkomitee vir Programme; Lid van die Intervarsitykomitee; Lid van die Publikasiekomitee; Voorsitter van die Studentevaria-radiokomitee; Voorsitter Musiekvereniging; Bestuurslid van die konsertgroep vir Beroemde Musici; Lid van Simonsberg Huiskomitee.
**Sport:** Tennis, rugby-fossiel.
**Algemene beleid:**
1. Ek sal my beywer vir die verteenwoordiging van die Studente-unie op die Universiteitsraad en die Sentrale Koshuiskomitee.
2. Voorstander van die desentralisasie van die eerstejaarstelsel as 'n teenvoeter vir 'n moontlike „tweedejaarstelsel."
3. Drastiese stappe moet geneem word om die misbruik van Matiekleure te bestry.
4. Ek is 'n voorstander van aparte Universiteitsgeriewe, maar is gekant teen die toekomstige „geslote keuringsreg" van die „oop universiteite" en die wanpraktyke wat die Wet op Aparte Universiteitsgeriewe tot gevolg sal hê. Na my mening kan dit die naam van Suid-Afrika slegs skade aandoen en gesonde kleurverhoudinge in die wiele ry.

## INUS DANEEL

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** B.A. Honns. II. Filosofie; en Kweekskool.
**Ondervinding in studentesake:**
1956: C.S.V. Kringleier; verteenwoordig volkspele laer. 1957: C.S.V. Bestuur; Sekretaris van Sentrale Tennisbestuur; Dagbreek Huiskomitee. 1958: Sekretaris van Sentrale Tennisbestuur; Dagbreek Huiskomitee; Verteenwoordig Stellenbosch op studentekonferensies te Rhodes en Fort Hare; Lid van die Studenteraad. 1959: Dagbreek Huiskomitee; Assistent Sekretaris van die Studenteraad; Voorsitter Verenigingskomitee; Sub-redakteur van die „Studentegids"; Verteenwoordig Stellenbosch tydens die A.S.B. kongres te Pretoria.
**Sport:** Voetbal; Tennis (Intervarsityspan 1957 en 1958).
**Algemene Beleid:**
1. Afhandeling van werksaamhede wat op die oomblik hangende is: b.v. hersiening en afrol van die konstitusie.
2. Dat samesprekings gevoer word met verteenwoordigers van die verskillende verenigings ten einde oorvleueling van werksaamhede te voorkom en 'n groter mate van samewerking te probeer bewerkstellig.
3. Dat voortgegaan word met die ondersoek en moontlike stigting van Federasie van Studenterade, ten einde beter verteenwoordiging op Inter-universitêre gebied te verkry.
4. Voorts onderskryf ek die beginsel van Aparte Universiteite.
5. Wat die belange van die Studente-unie in die algemeen betref, sal ek poog dit te bevorder na die beste van my vermoë.

## TOM DE KOCK

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus.** B.Sc., B.Ing.
**Ondervinding in studentesake:**
Junior Breebestuur 1956; Joolkomitee 1958 en 1959; Langenhoven Gedenksaal en Gemeenskapsentrum Komitee 1958 en 1959; Simonsberg Huiskomitee 1957, 1958 en 1959; Studenteraad 1959; Voorsitter Intervarsity Komitee 1959.
**Algemene beleid:**
Ek sal my steeds beywer vir die gladde verloop van organisasies van ons Studente-unie. Ook stel ek my 'n onverdeelde, gelukkige studentegemeenskap as ideaal. Ek is ten volle bereid om met alle blanke studente saam te werk, hetsy wat hulle beginsels is, mits dit deur almal aanvaar word dat verteenwoordiging op die S.R. demokraties moet wees. Die beginsel van aparte universiteite, asook die beginsel van die wetgewing t.o.v. hierdie saak ondersteun ek heelhartig. Ek gun egter ander persone hul meningsverskil daaromtrent; progressiewe opposisie sou ek verwelkom.

Om die belange van ons studente-unie te handhaaf sal vir my 'n dankbare voorreg wees, solank dit strook met my beginsels as Christelike Suid-Afrikaner.

## RITZEMA DE LA BAT

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** B.Sc., B. Com. II.
**Ondervinding in studentesake:**
1956: Junior Breebestuur, Redaksie van die „Stellenbosse Student." 1957: Intervarsitykomitee; Sub-redakteur van „Stellenbosse Student"; Lid van die Joolkomitee; C.S.V. Kringleier. 1958: Lid van die Kunsfeeskomitee; Lid van die Joolkomitee; Lid van die Studenteraad; Voorsitter van die S.R. Sportkomitee; C.S.V. Kringleier. 1959: Lid van Huiskomitee van Wilgenhof; Vise-Voorsitter van die Studenteraad; Voorsitter van die Vereniging van Ekonomie en Handel.
**Sport:** Rugby — tweedespan 1956—1959.
**Algemene beleid:**
1. Ek sal my daaroor beywer, dat die beleid en voorgestelde planne van die vorige Studenteraad t.o.v. nouer kontak tussen Engels- en Afrikaanssprekendes ten uitvoer gebring sal word, met dié voorbehoud dat daar nie afgewyk sal word van die tradisionele beginsels van die Afrikanervolk, en ook van hierdie Universiteit, nie.
2. Algemene studentebelange sal ek steeds na die beste van my vermoë behartig.

## STEVE DU TOIT

**Jaar op Stellenbosch:** Vierde.
**Kursus:** Ll.B.
**Ondervinding in studentesake:**
1957: Redaksie „Die Besem"; Joolkomitee; Redaksie „Die Matie"; Redaksie „Prisma". 1958: Sud-redakteur „Die Matie"; Sekretaris Joolkomitee; 1959: Studenteraad; Afgevaardigde na S.A.B.R.A.-kongres.
**Sport:** Hokkie en tennis.
**Algemene beleid:**
'n Studenteraadsverkiesing is en behoort geen politieke verkiesing te wees nie.

## GIDEON HUISAMEN

**Jaar op Stellenbosch:** Sesde.
**Kursus:** B.A., Ll.B.
**Ondervinding in Studentesake:**
1956: Redenaar Intervarsity Debat. 1957: Debatsvereniging bestuurslid; Redenaar Intervarsity Debat. 1959: Ondervoorsitter Juridiese Vereniging.
**Sport:** Rugby: Gekombineerde Universiteite 1954. Eerstespan 1956, 1957 en 1959. Tennis.
**Algemene beleid:**
1. Goeie samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes op Stellenbosch.
2. Die onderskrywing van aparte Universitêre geriewe vir Nie-blankes in beginsel.
3. Studente aktiviteite moet nie op 'n politieke vlak geplaas word nie.

## OCKERT FOURIE LATEGAN

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** B.A. Honns. en S.O.D.
**Ondervinding in Studentesake:**
N.J.B., Geskiedenisvereniging, C.S.V., Dagbreek Huis-Komitee (1957—1959).
**Sport:** Rugby (U.S. II.)
**Beleid:**
Aangesien Suid-Afrika se oë op ons Universiteit gerig is, moet ons by monde van die Studenteraad duidelik wys waar ons staan.

My beleid omvat die heelhartige ondersteuning van die regering se apartheidsbeleid, veral ten opsigte van Aparte Universiteite vir Blank en Nie-blank, waar elkeen afsonderlik ontwikkel.

Verder sal ek my beywer om die verhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te bevorder en die Studente-Unie met al die krag tot my beskikking te dien.

## E. (GENE) LE ROUX

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** B.A. (cum laude) Ll.B.
**Ondervinding in Studentesake:**
1956: Huiskomitee Simonsberg. 1957: Tesourier Huiskomitee Simonsberg. 1958: Sekretaris Huiskomitee Simonsberg. 1959: Onder-Primarius Simonsberg; Lid van die Studenteraad (o.a. Lid van Sportkomitee, Sekretaris van Ad-hoc komitee van Inter-Universitêre aangeleenthede.)
**Sport:** Voetbal: 1956 O/19 BB; 1957 — 1959 Simonsberg koshuis- en ligaspan. Tennis: Simonsberg.
**Algemene Beleid:**
Om my te beywer vir die verbetering van die Afrikaans-Engelse verhouding tussen Suid-Afrikaanse Universiteite deur die daarstelling van die be-oogde Federasie van Studenterade.

Om in die algemeen die belange van die Studente-Unie na die beste van my vermoë te dien.

## BEN LOCHNER

**Jaar op Stellenbosch:** Derde.
**Kursus:** B.Com. (Regte).
**Ondervinding:**
(a) Voordat ek Universiteit toe gekom het was ek 9 jaar rekenmeester en student aan die Universiteit van S.A. (b) Aan die Universiteit: 1957: Langenhoven - gedenksaalkomitee; wenner van die Senior-redenaarskompetisie van die Debatsvereniging. 1958: Tesourier van die Joolkomitee; Ondervoorsitter van die Debatsvereniging. 1959: Voorsitter van die Debatsvereniging; Tesourier van die Studenteraad.
**Sport:** Tennis, pluimbal en bergklim.
**Algemene beleid:**
1. Verwelkoming van Engelssprekendes en anderstaliges op Stellenbosch, en nie slegs verdraagsaamheid teenoor hulle nie.
2. Verwesenliking van die Stigting van die beoogde Federasie van Studenterade.
3. Ondersteuning van die beginsel van Aparte Universitêre geriewe vir nie-blankes.
4. Beplanning van 'n beter metode van beheer oor die finansies van die sub-komitees van die Studenteraad.

## JAN DE VILLIERS LOCHNER

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** M.Sc.; Fisiologie.
**Ondervinding in Studentesake:**
Universiteitskoor 1955 — 1959, C.S.V. Kringleier 1957; C.S.V. Koshuisverteenwoordiger 1957 —1959; Wilgenhof-Huiskomitee 1959; Joolkomitee 1958.
**Sport:** Rugby: Onder 19A 1955—1956, Junior Toerspan 1956; Dag.-Wil. 1958 — 1959. Tennis vir koshuis.
**Algemene beleid:**
Dit is my voorneme om, indien ek gekies word, die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien. Daarbenewens sal ek my beywer daarvoor dat die Studenteraad, in sy optrede na buite, hom sal hou by die tradisionele beginsels van die Afrikanervolk.

## G. F. (ABIE) MALAN

**Jaar op Stellenbosch:** Sesde.
**Kursus:** M.Sc. Landbou.
**Studentesake:** Studenteraad 1958.
**Sport:** Rugby: Westelike Provinsie. Suid-Afrika 1958.
**Algemene Beleid:**
Om trou te wees aan die beginsels van die Afrikaner en dus aan Stellenbosch.

## AVRIL S. MALAN

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** M.Sc. Fisika.
**Studentesake:** Huiskomitee Huis Marais.
**Sport:** Rugby: Westelike Provinsie. Atletiek.
**Beleid:**

Om voort te bou in die rigting wat Stellenbosch ingeslaan het, nl. om 'n universiteit te wees wie se produkte op die lees van Afrikaner beginsels geskoei is.

---

## WILLIAM F. MARITZ

**Jaar op Stellenbosch:** Agste.
**Kursus:** B.A. Ll.B. Tans spesiale student.
**Ondervinding in studentesake:** Sekretaris van P.S.O. sedert 1956; Redakteur „Die Besem", 1957; Redakteur „Die Joolblad" 1958; Intervarsitykomitee 1955-1958.
**Sport:** Skerm, hokkie en krieket.
**Algemene beleid:**

Dit blyk dat daar op die oomblik twee botsende rigtings op Stellenbosch bestaan:

1. Die karakter van hierdie Universiteit is by voorbaat onherroeplik vasgelê en die Studente-unie is daaraan gebonde.

2. Die karakter van die Universiteit op enige oomblik word bepaal deur die konsensus van opinie van die residerende studente op daardie gegewe oomblik.

Ek (a) onderskryf die tweede standpunt en onderneem om die Studente-unie se regte in die verband te handhaaf; (b) sal my beywer vir die voortdurende goeie samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente aan hierdie Universiteit.

---

## FLORIS MOSTERT

**Jaar op Stellenbosch:** Sewende.
**Kursus:** Kweekskool en M.A. maatskaplike werk.
**Ondervinding in studentesake:** 1958: Joolkomitee. 1959: Voorsitter van die Joolkomitee; Tesourier P.S.O. Huiskomitee; Huiskomitee van C.S.V.-gebou. Sedert 1953 was ek o.a. C.S.V.-Kringleier; Lid van die Vereniging vir Sosiologie en Maatskaplike werk; Lid van die C.S.S.B.; Lid van die Musiekvereniging; Lid van die Admissiebond.
**Sport:** Tennis.
**Algemene beleid:**

Indien dit die wens van die Studente-unie is dat ek hulle in so 'n belangrike posisie moet dien, sal ek daarna streef om te alle tye en onder alle omstandighede die naam en die eer van my Universiteit waardig te wees. Ek sal dit my plig ag om ter bevordering van die algemene studentegees my aller beste kragte in te span, om te werk vir 'n beter koördinasie en samewerking tussen studente en owerhede, en om 'n goeie verstandhouding tussen al die Universiteite in Suid-Afrika op te bou. Ek sal altyd handel volgens Christelike Calvinistiese beginsels en in my optrede sal ek die Skrif as enigste prinsipium gebruik. Ek staan vir die handhawing van die beginsels, beleid en tradisie van die Universiteit van Stellenbosch.

Ek staan vir afsonderlike Universiteitsopleiding vir blankes en nie-blankes en ondersteun heelhartig die metodes en wetgewing deur die regering aangewend om hierdie beginsel te realiseer.

---

## DAVE RABE

**Jaar op Stellenbosch:** Tweede (histories).
**Kursus:** M.B. Ch.B.
**Ondervinding:**

Twaalf jaar gewerk o.a. as verslaggewer, skakelbeampte en personeelklerk. Was redakteur van verskeie jeugblaaie en voorsitter van menige verenigings.

**Algemene beleid:**

1. Belowe volle ondersteuning aan alle pogings om samewerking tussen beide blanke bevolkingsgroepe aan hierdie Universiteit so hoog moontlik uit te bou.

2. Doelbewuste strewe om samewerking op inter-universitêre gebied moontlik te maak.

3. Bevegting van alle politiek binne die Studenteraad, asook amptelike assosiasie met politieke wetgewing.

4. Onderskryf die mees fundamentele mensereg nl. om ten opsigte van enige beginsel, beleid of leerstelling 'n vrye opinie na te hou.

---

## BEYERS C. ROELOFSE

**Jaar op Stellenbosch:** 6de.
**Kursus:** M.A. Hebreeus en Kweekskool.
**Ondervinding in studentesake:** C.S.V. Koshuisverteenwoordiger 1956; Dagbreek Huiskomitee 1956-1958; Direkteur van Toere van die A.S.B. (Hoofbestuur); Afgevaardigde na die 1958 en 1959 A.S.B.-Kongresse; Afgevaardigde na die 1958 N.U.S.A.S.-Kongres; Verteenwoordig Stellenbosch in die Inter-Universitêre redenaarskompetisie te Rhodes 1958; Lid van die Studenteraad sedert September 1957; Voorsitter van die Studenteraad sedert September 1958; Voorsitter van die Plaaslike A.S.B.-tak.
**Sport:** Het sedert 1954 reeds in al die Rugbyspanne (vanaf eerste- tot koshuisspanne) gespeel.

**Algemene beleid:**

1. Staan op die beginsels van Christelike Nasionalisme.

2. Dat die A.S.B. as mondstuk van die Afrikaanse Studente in sy huidige vorm moet bly voortbestaan tot tyd en wyl 'n ander organisasie sy verteenwoordigende funksie kan oorneem.

3. Ten gunste van samewerking tussen Afrikaans- en Engelstalige Universiteite op die Inter-Universitêre vlak. Die mening toegedaan dat 'n Federasie van Studenterade die beste aan hierdie doel kan beantwoord.

4. Ten sterkste daarteen gekant dat daar teen Engelssprekende studente aan ons Universiteit gediskrimineer moet word.

5. Dat die meerderheidsgroep in beginselsake sy demokratiese reg moet gebruik om sy standpunt te stel op enige tydstip wanneer dit nodig mag wees. Ten sterkste daarteen gekant dat Stellenbosch sy studentepolitieke standpunt moet verswyg terwille van die fyngevoeligheid van minderheidsgroepe in sy geledere.

6. Ondersteun die beginsel van afsonderlike Universiteite vir Blankes en Nie-blankes en onderskrywe die metode wat hierdie beleid wil realiseer.

---

## BEN PIETERS

**Jaar op Stellenbosch:** 6de.
**Kursus:** B.A. Ll.B.
**Ondervinding in studentesake:** 1955: Tesourier N.J.B. Stellenbosch; lid van die stembuskomitee; Bestuurslid U.S. Skaakklub; Tesourier U.S. Debatsvereniging. 1956: Tesourier N.J.B.; Lid van die N.J.B. Hoofraad van Kaapland; lid van die Stembuskomitee; Tesourier U.S. Skaakklub; Lid Geskiedenisverenigingsbestuur; Tesourier U.S. Debatsvereniging; Sekretaris van „Die Matie"; Stigtersredaksielid van „Die Pieke". 1957: Tesourier N.J.B.; Ondervoorsitter U.S. Debatsvereniging; Sekretaris Langenhovengedenksaalkomitee. 1958: Lid N.J.B. Wyksraad; Direkteur Werkverskaffingsburo; Ondervoorsitter Langenhovengedenksaalkomitee; Voorsitter U.S. Debatsvereniging; Lid van die Studenteraad.
1959: Lid van die Studenteraad.

Inter-Universitêr: Amptelike waarnemer N.U.S.A.S.-Kongres 1958; Leier U.S. Afvaardiging na Studentekonferensie 1958 te Rhodes en Fort Hare; Waarnemer „N.U.S.A.S. Executive Meeting" Desember 1958; Afgevaardigde A.S.B.-Kongres 1959; Lid van die Hoofbestuur van A.S.B. en Voorsitter van Komitee vir Inter-Universitêre sake 1959.

**Algemene beleid:**

1. Ek staan by my beleid van verlede jaar en die nog onafgehandelde program van die Studenteraad.

2. „Die Matie" kan nie bly aangaan soos hy die afgelope tyd aangegaan het nie.

3. Ek steun die Wetgewing op Aparte Universitêre geriewe vir Blank en Nie-blank.

4. Die Studente-unie moet asseblief sy verantwoordelikheid besef, en nou klaar en finaal kies, sodat die Studenteraad ten minste kan bly fungeer tot die volgende verkiesing, en die Studenteraadsverkiesings self op 'n hegter grondslag geplaas kan word.

---

## CONNIE SOLMS

**Jaar op Stellenbosch:** Sewende.
**Kursus:** Kweekskool en M.A.
**Ondervinding in studentesake:**

1954: Junior Breëbestuur. 1957: Joolhoofbestuur. 1958: Voorsitter van die Joolkomitee; Lid van die Studenteraad; Sekretaris van die Kleurekomitee; Koshuis Rugbykomitee; Lid van die afvaardiging na Rhodes en Fort Hare. 1959: Lid van die Studenteraad en lid van die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad; Voorsitter van die Kleurekomitee; Lid van die A.S.B.-komitee; Lid van die Ad Hockkomitee i.v.m. inter-universitêre sake; Optog-konvenor van die Joolkomitee; Afgevaardigde na die A.S.B. Kongres; Koshuis Rugbykomitee. C.S.V.-Kringleier 1954-1958.

**Sport:** Rugby en tennis. Kaptein van die Wilgenhof rugbyspan 1958-59.

**Algemene beleid:**

1. In sy huidige vorm het die A.S.B. vir Stellenbosch m.b.t. inter-universitêre kontak, weinig betekenis. Daarom sal ek my beywer vir die stigting van 'n Inter-universitêr-verteenwoordigende organisasie, soos 'n Federasie van Studenterade, en die A.S.B. dan omskep tot 'n kulturele organisasie.

2. Ek staan vir die beginsel van afsonderlike Universiteitsopleiding vir blank en nie-blank en steun volkome die wetgewing van die regering in dié verband.

3. Ek is daarteen dat daar teen anderstaliges en andersdenkendes aan hierdie Universiteit gediskrimineer word, en staan vir kontak en samewerking met sodanige persone, met hierdie baie belangrike voorbehoud, nl. dat sodanige samewerking nie sal beteken die prysgee of verwatering van my Afrikaner beginsels en tradisies nie.

4. Dat die Studenteraad meer sy studente-politiese aspek sal aksentueer.

5. Ek sal my altyd daarvoor beywer om die karakter, beginsels en tradisies van Stellenbosch uit te leef.

6. Ek staan op 'n Christelike-nasionale grondslag en hierdie beginsel sal elke beslissing van my bepaal. Met hierdie as my uitgangspunt sal ek die Studente-unie altyd na die beste van my vermoë probeer dien.

---

## CHÄRL D. THERON

**Jaar op Stellenbosch:** Vyfde.
**Kursus:** M.A. Sielkunde.
**Ondervinding in studentesake:** 1956: Sekretaris-verslaggewer „Die Matie"; Redakteur vir Algemene Studentesake „Die Stellenbosse Student"; Stembuskomitee. 1957: Huiskomitee Simonsberg; Nuusredakteur „Die Matie"; Sub-redakteur „Die Besem"; Redaksie „U.S. Joolblad"; Redakteur vir Geesteswetenskappe „Die Stellenbosse Student"; Redakteur vir kuns „Prisma"; Joolkomitee se subkomitee vir Programme; Matiepret „Studentevaria". 1958: Studenteraad; Voorsitter Verenigingskomitee; Tesourier Simonsberg Huiskomitee; Subredakteur „Studentegids"; Voorsitter Jool-programmekomitee; Voorsitter Stellenbosse Radiokomitee; Universiteitskorrespondent „Die Burger" en „Streeknuus"; Kunsfeesreëlingskomitee. 1959: Studenteraad; Voorsitter Publikasiekomitee; Tesourier Simonsberg-Huiskomitee; Voorsitter Joolprogrammekomitee; Joolhoofbestuur; Kunsfeeskomitee; Sangfeeskomitee; Universiteitskorrespondent „Die Burger" en „Streeknuus".
**Sport:** Tennis.
**Algemene beleid:**

Die Studenteraad is myns insiens in die eerste instansie akademies, kultureel en administratief, en behoort hom geensins uit te laat oor enige wetsontwerpe waardeur die raad hom noodgedwonge aan die kant van een of ander politieke party moet skaar nie. In studentepolitiek kan die raad verklarings doen. Die Studenteraad is verder 'n verteenwoordigende liggaam, verteenwoordigend van alle studente aan die universiteit.

Hierdie standpunt huldig ek en sal ek altyd huldig. Ek is altyd bereid tot diens.

---

## BERTIE VAN DER MERWE

**Jaar op Stellenbosch:** Vierde.
**Kursus:** B.Sc. Landbou.
**Ondervinding in studentesake:** Voorsitter Junior Breëbestuur 1957; Voorsitter van die Wetenskaplike Landbouvereniging 1958-1959; Huiskomitee van Simonsberg 1958-1959; Intervarsitykomitee 1959; Studenteraad 1959.
**Sport:** Rugby, 19A, derde-, tweede-, eerstespan en kaptein van die Junior Toerspan 1958. Krieket.
**Algemene beleid:**

1. Bevordering van studentesake.

2. Die S.R. moet hom sover moontlik buite die politiek hou.

---

## DE MIST VAN ZIJL

**Jaar op Stellenbosch:** Agste.
**Kursus:** B. Comm.
**Ondervinding in studentesake:** 1954: Joolvoorradekomitee. 1955: Intervarsity Subkomitee; Tesourier U.S. Landsdiensverenigings. 1956: Huis Marais-huiskomitee; Vise-voorsitter U.S. Landsdiensvereniging; Intervarsity Subkomitee; Ingenieursdanskomitee. 1957: Vise-Primarius Huis Marais; Vise-Voorsitter U.S. Landsdiensvereniging; Sekretaris, Vereniging van Stellenbosse Ingenieurstudente; Langenhovengedenksaal en Gemeenskapsentrumkomitee; Intervarsitykomitee. 1958: Lid van Uitvoerendekomitee van die Studenteraad; Primarius van Huis Marais; Voorsitter Langehovengedenksaal- en Gemeenskapsentrumkomitee; Vise-Voorsitter Intervarsitykomitee; U.S. afgevaardigde na S.A.B.R.A.-Kongres. 1959: Sekretaris van Studenteraad; Primarius Huis Marais; Voorsitter Langenhovengedenksaal- en Gemeenskapsentrumkomitee; U.S. afgevaardigde na S.A.B.R.A.-Kongres.
**Sport:** Rugby.
**Algemene beleid:**

1. Ten gunste van Aparte Universitêre opleiding vir verskillende rassegroepe.

2. Die handhawing van die vorige Studenteraadsbeleid rakende die A.S.B.

3. Die handhawing van die vorige Studenteraadsbeleid rakende nouer kontak tussen Afrikaans medium en Engels medium inrigtings vir Hoër Onderwys.

4. Die verwesenliking van die Langenhovengedenksaal en gemeenskapsentrum binne die prakties moontlike kortste tydsbestek.

5. Dat die Studenteraad meer geleentheid gegee word om hom te kan beywer vir sake van algemene studente belang deur die wegdoen van sekere aangeleenthede en dienste wat nou direk onder die beheer van die S.R. val en net so goed onder die beheer van sub-komitees en besture van bestaande verenigings geplaas kan word.

---

## JOHN VISSER

**Jaar op Stellenbosch:** Vierde.
**Kursus:** B. Com. LLB.
**Ondervinding in studentesake:** 1957: Bestuur van die Vereniging vir Ekonomie en Handel, C.S.V.-Kringleier. 1958: Voorsitter van die Vereniging vir Ekonomie en Handel; Tesourier van L.G.S. en G.S.-komitee; Tesourier van die Kunsfeeskomitee, C.S.V.-Kringleier. 1959; Hoofbestuur van Joolkomitee en Konvenor van Motorkompetisie, Tesourier van L.G.S. en G.S.-komitee; Tesourier van die Sangfeeskomitee, Huiskomitee van Dagbreek.
**Sport:** Rugby en tennis.
**Algemene beleid:**

1. Ek ondersteun die beleid van Aparte Universiteite.

2. Ek beskou die handhawing van eie beginsels, tradisies en volkstrots as die beste grondslag vir die samewerking met andersdenkendes en andersoortiges. M.a.w. vir geslaagde onderhandelings en samewerking met bogenoemde persone is dit nie nodig om jou eie identiteit prys te gee nie.

(3) Ten opsigte van die A.S.B. ondersteun ek ten volle die beleid soos die vorige Studenteraad dit geformuleer het en soos dit deur die Studente-unie goedgekeur is.

(4) Ek beskou dit as dringend noodsaaklik dat daar 'n nouer kontak tussen die Studenteraad en die Studente-unie gehandhaaf sal word, en ek sal my altyd daarvoor beywer.

5. Ek sal altyd die belange van die Studente-unie na die beste van my vermoë probeer behartig en bevorder.

---

Asook:

## M. P. OLIVIER

(Bogenoemde kandidaat se beleid is nie ingedien vir publikasie nie.)

Van alle kandidate word verwag om die voorstellingsparade by te woon; diegene wat om besondere redes dit nie kan doen of wat die vergadering vroeg wil verlaat word versoek om hul name, voor 6 nm. op Sondag, 10 Mei by die Stembus-konvenor in te handig.

KONRAD PRETORIUS,
Kamer 86,
SIMONSBERG.

*Kandidate vir S.R.-Verkiesing*

# VOORSTELLINGSVERGADERING

**Maandagaand 11 Mei om 8.15 nm. Neethlingsaal**

# MATIE-VLEUEL SKITTER OP NUWELAND

## DRUK TWEE PRAGDRIEË

**IN 'n wedstryd wat deurgaans sprankelend, en van die begin af baie spannend was, het Transvaal Saterdag vir die W.P. met neëntien punte teenoor elf geklop. Een van die kenmerke van die wedstryd was die pragtige spel van die nuwe Matie-vleuel, Jan Engelbrecht. Engelbrecht het Saterdag sy eerste wedstryd vir die W.P. gespeel en dadelik die Nuwelandse skare beïndruk.**

Transvaal se kwaai spel in die vastespel en die feit dat hul bewegings beter afgerond was, het dit vir hulle moontlik gemaak om hierdie wedstryd te wen. Die W.P.-agterlyn was nooit instaat om die bal aan een van die twee vleuels vanuit 'n volle agterlyn beweging te besorg nie. Gesien die wyse waarop Engelbrecht gespeel het, het hulle hierdeur baie punte verloor.

Engelbrecht het sy eerste drie behaal van 'n netjiese skop van Hopwood. Hy het die bal uit die lug gevang en in die hoek oorgegaan.

Sy mooiste drie het hy in die tweede helfte behaal toe Transvaal reeds 11—8 voor was. W.P. het 'n strafskop in sy eie kwartgebied gekry. Wilson het met 'n kort skoppie die bal in die hande van Pickard geplaas wat vir Greenwood in besit gestel het. Greenwood het 'n skop vir Engelbrecht op die vleuel gelos. Die bal het baie mooi gespring vir Engelbrecht. Die oomblik toe hy die bal in die hande gekry het, het hy slegs een tree beweegruimte gehad want twee Transvalers was by. Met sy vaart het hy onder hulle uitgenael, Gerber baie mooi geflous en 'n netjiese drie in die hoek gedruk.

Engelbrecht is, hoewel nog baie jonk, vandag een van die beste regtervleuels in S.A.

### ABE MALAN

In die voorspelerspel het Abe Malan Saterdag weer 'n bars hou gespeel. Saam met Pickard en Van Zyl was hy die woeligste W.P. voorspeler. Hy was baie ongelukkig om nie 'n drie te behaal toe hy enkele tree van die lyn gestuit is.

Avril Malan moes hom ongelukkig Saterdag weens 'n besering onttrek. Op vleuel, en ook met sy skopwerk, het Swys Coetzee Saterdag baie teleurgestel. Hy het verskeie skoppe, wat ons al gewoond geword het dat hy oorsit, pale toe gemik sonder sukses. Sy spel is ongelukkig verswak deur 'n skouerbesering wat hy vroeg in die wedstryd opgedoen het.

# AANTREKLIKE WEDSTRYD OP BEAUFORT-WES

**IN 'n baie aantreklike en uiters spannende wedstryd het 'n Markotter span Saterdag vir Beaufort-Wes, wat tot dusver nog onoorwonne was, geklop. Beaufort-Wes het tot dusver nog 'n baie suksesvolle seisoen agter die rug en 'n mens kon dit Saterdag duidelik sien in die gehalte spel wat hulle gelewer het. Die uitslag van 14—13 in die guns van die Markotters is 'n getroue weergawe van die spel.**

Die Markotters het eerste punte aangeteken toe skrumskakel Delport binne twee minute na die aanvang in die hoek oorgaan. Pienaar het vervyf. Beaufort het die telling gelyk gemaak met 'n drie onder die pale.

Na 'n pragtige loop deur Le Roux het Wessels vir die Markotters 'n drie in die hoek gaan druk. Na rustyd het Le Roux self 'n drie gaan druk. Kort hierna het Beaufort met 'n pragtige doel geantwoord, 11—10.

Die Markotters het hul voorsprong vergroot toe Pienaar met 'n baie netjiese skepskop geslaag het. Die stryd het nou baie kwaai geword en albei spanne het met krag gespeel. Dit was op die ou end Beaufort-Wes wat daarin geslaag het om 'n drie te druk. Ongelukkig vir Beaufort het die vervyfskop, wat die wedstryd in hul guns kon laat verloop het, misluk.

Die Markotters het verdien om te wen want aan vuur en krag het dit hulle nie ontbreek nie. As alle Markotter-wedstryde van dieselfde gehalte as dié een is sal hierdie span ongetwyfeld aan sy doel beantwoord. In die agterlyn was dit veral Le Roux, Pienaar en Delport wat baie mooi gespeel het terwyl onder die voorspelers Thys Vermeulen reuse werk verrig het.

Die Markotter span was as volg saamgestel: Du Preez; Louw, Pienaar, Le Roux, Wessels; Stumke, Delport; Dercksen, De la Bat, Steyn, Pretorius, Vermeulen, Van der Merwe, Botha, Visser.

# DALRYMPLE ATLETIEKBYEENKOMS

**DIE afgelope naweek het Wits vir die derde agtereenvolgende jaar die Dalrymple-beker op Potchefstroom verower. Stellenbosch en Pretoria het saam die tweede plek gevul. Tydens die byeenkoms is een nuwe Suid-Afrikaanse rekord (Hannes Botha, (U.P.) se 54 : 2dm. in die gewigstoot) en sewe ander nuwe Universiteits rekords opgestel.**

Van die Maties wat daar was, was die prestasies as volg: Ben-Piet van Zyl en Wesley Perkes het mekaar kwaai opgekeil in die 220 en 440 tree. In die 220 het Perkes vir Ben-Piet, wat skitterend genael het, met duime geklop in 21 : 5 sek. Ben-Piet se tyd was presies dieselfde 21 : 5 sek. — die beste tot dusver in sy loopbaan. In die 440 het Ben-Piet weer 2de na Perkes geëindig, ook in die 100 tree het hy 2de plek ingeneem.

Paul Nel keer egter terug na Stellenbosch met 2 eerste plekke op sy kerfstok. In die verspring het Paul stof in sy teenstanders se oë geskop met 23 : 8 dm., 'n goeie afstand, alhoewel Paul al 24 vt. gehaal het. Paul het sy oorwinning gehandhaaf en daarna ook die driesprong met 'n goeie 46 : 10½dm. ingepalm. Die jong Jan Breytenbach het 'n pragtige vertoning met die spies gelewer deur die Suid-Afrikaanse kampioen Vic Essakow met 188 : 6 dm. in die stof te laat byt. Hiermee het Jan getoon dat daar nog baie van hom in die toekoms gehoor gaan word.

In die 120 tree/ hekkies het J. Rosseau 'n 3de plek behaal, so het Deetlefs ook in die diskus vir hom 'n 3de plek uitgegooi.

Wat die dames atlete betref, het Rita de Kock weer met eer uit die stryd getree, deur pragtig in die 100 tree te nael en dit met 11 : 1 sek. vir Stellenbosch in te palm. Daarna is sy netnet deur E. Pretorius van Potchefstroom in die 220 geklop. In die 80 met. hekkies het E. de Villiers eweneens Stellenbosch se naam hoog gehou deur 1ste by die wenpaal aan te kom, in 12 : 7 sek.

Die finale puntestand was as volg:

Dalrymple-beker (mans): Wits 44; Stellenbosch en Pretoria 31; Rhodes 21; U. Kaapstad 14; Natal 13; U.O.V.S. 9; Potchefstroom 6.

Roger Dyason-beker (vroue): Pretoria 32; Stellenbosch 16; Rhodes 14; U.O.V.S. 12; Potchefstroom 8; Natal en Kaapstad 3; Wits 0.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

# L.G.S. BEOOG REUSE INSAMELINGSVELDTOG

**'N PAAR jaar gelede het baie Maties die woorde: „Ag ons sal seker nie in ons dae die L.G.S. sien nie", gesê. Dit was msikien waar, want baie studente het gekom en gehelp met pogings om geld in te samel, en die akker verlaat sonder om hierdie sentrum voltooi te sien. Maar ten spyte daarvan kan Stellenbosch vandag trots wees op hulle Alma Mater wat ook vir hierdie saak alles in die stryd gegooi het. Vandag sal so 'n uitlating nie meer heeltemal waar wees nie, — want: Die einde is in sig. Die L.G.S. sal verrys: as elke Matie hierdie eerskomende lang vakansie sy volle gewig vir oulaas in die stryd werp om nog daardie laaste klompie geld in die hande te kry.**

Tydens die eerskomende winter vakansie stel die L.G.S. komitee hulle ten doel 'n reuse insamelingsveldtog, waarin hulle die hulp van elke Matie nodig het.

Nog nooit van te vore het die noodsaaklikheid vir die bestaan van 'n saal — 'n gemeenskapsentrum — homself so dringend getoon as tans nie; en nog nooit was die verwesenliking van hierdie groot ideaal so naby as tans nie. Aan die einde van 1960, begin 1961, sal daar begin word met die bouwerk. As elke Matie nou inspring, en hard werk, om nog daardie laaste ponde in te samel.

'n Breëbestuur, met 'n verteenwoordiger uit elke koshuis is tans, onder die voorsitterskap van mnr. H. W. du Toit, saamgestel om die kollekteveldtog te organiseer. Elke student sal 'n lys ontvang om tydens die vakansie soveel moontlik in te samel. Vir die koshuise is daar 'n waardevolle prys op die spel, so ook vir individuele kollektante. Die insameling sal op kompetisie basis geskied, nl. tussen die verskillende koshuise en dan ook tussen individuele kollektante. Onder die laasgenoemde is daar verskeie pryse afsonderlik vir mans en dames. Die organiseerders van die veldtog deel mee dat hulle op dié wyse graag £6,000 wil insamel, d.w.s. naastenby die helfte van die bedrag wat nog nodig is. As 'n mens daaraan dink dat die sentrum omtrent £150,000 gaan kos, dan behoort elke Matie te besef dat die einde nou baie naby is.

Terloops die finale planne vir die sentrum is in hulle finale stadium; maar daaroor gesels ons volgende keer, asook oor die konserttoer, Matiepret 1959, wat die vakansie gaan toer.

Mag elke Matie nou al vlam vat en solank deeglik voorberei vir hierdie groot poging — wat, as elke Matie hard werk, seker die laaste sal wees.

# STUDENTERAADSVERKIESING

# WOENSDAG, 13 MEI

**vanaf 8 vm. tot 2.30 nm.**

## STEMLOKALE

| | |
|---|---|
| HOOFGEBOU | Studente in Lettere, Wysbegeerte, Bosbou en Regte |
| HUISHOUDKUNDE | Huishoudkunde- en Spesiale Studente |
| MERENSKYGEBOU VIR FISIKA | Studente in Gewone Wetenskappe (Insluitende Mediese Studente op Stellenbosch en B.Mil.) |
| OPVOEDKUNDEGEBOU | Pedagogiese Studente |
| GEBOU VIR SOSIALE WETENSKAPPE | Studente in Handel en Sosiale Wetenskappe |
| OU LANDBOU GEBOU | Landboustudente |
| INGENIEURSGEBOU | Ingenieurstudente |
| GIMNASIUM (JOKL-GEBOU) | Liggaamsopvoedingstudente |
| KONSERVATORIUM | Musiek- en Dramastudente |
| KARL BREMER-HOSPITAAL | Mediese Studente |

EERSTEJAARS IS NIE STEMGEREGTIG NIE.